

Ds. A. W. C. Bester
Calvinia
22 Julie 1973

Onderwerp: Jesus Christus is in beheer

Lees: Matthéüs 26 verse 57 tot 68

Teks: Matthéüs 26 vers 64

Sing: Psalm 48 vers 4
Psalm 91 vers 1
Psalm 66 vers 8

“Broers en Susters, dit wil soms voorkom asof daar met Jesus Christus se Hemelvaart ’n onmeetbare skeiding tussen Hom en sy volgelinge gekom het. Dit is asof Hy die heerlikheid van sy Vader ingegaan het, terwyl sy volgelinge soos wese in ’n vyandige wêreld agtergelaat is. Dit is asof Hy as oorwinnaar gekroon is, terwyl hulle moes terugkeer om die stryd teen die sonde in al sy felheid aan te knoop; asof Hy die dood oorwin het, terwyl hulle as sterflike wesens agter gebly het.

“Alhoewel dit gelyk het asof die wolk Hom voor hulle oë bedek en weggeneem het, het die teendeel gebeur. Jesus Christus se Hemelvaart het juis die allernouste en innigste verhouding gebring tussen Hom en sy volgelinge. Jesus Christus was daarna nie net ons Voorspraak by God die Vader nie, maar het aan die regterhand van God gaan sit, nie om te rus nie, maar om die wêreldsepter in sy eenmaal deurboorde hande van God die Vader te ontvang. Met ander woorde, Broers en Susters, Jesus Christus het op hierdie gedenkwaardige dag die regering oor hierdie wêreld in sy hande geneem en die wêreldtroon bestyg, vanwaar Hy met vorstelike krag en majesteit regeer.

“Ons moet nie aan Jesus Christus dink soos só baie wêreldse mense nie. Jesus Christus is nie ’n koning wat maar net so nou en dan ’n stempel plaas op die besluite van ’n individu of regering nie. Nee, sê God se Woord! Alle dinge is aan Jesus Christus se voete onderwerp. Dit beteken dat daar maar nét Een is wat die wêreld bestuur en dit is die Seun van God. Alles en almal is onderworpe aan die Koningskap van Jesus Christus: ook Kájafas, die Joodse Raad, die Romeinse keisers wat hulle so oppermagtig gewaan het, die magtiges van alle eeue, die diktators van die twintigste eeu, asook die

groot mense-verderwer van die eindtyd, die Antichris. Alles is onder Jesus Christus se almagtige bestuur.

“Natuurlik ontken die mens van die twintigste eeu dit: Hy wat voortdurend besig is om sy eie mag en aansprake uit te brei en homself as ’n god te beskou. Die mens se vermoë het in ons tyd tot geweldige hoogtes gestyg. Dink maar aan die prestasies in rykdom, glorie, en wetenskaplike en tegnologiese ontwikkeling. Die wêreld lê skynbaar aan die voete van die mens. En in sy grootheidswaan het die mens begin om die ruimte te bestorm om die hemel te beset.

“Hierteenoor lyk dit asof die stem van die kerk pateties swak geword het. Die kerk het vir baie skynbaar niks meer te sê nie. Daar is hoeveel stemme wat die Evangelie oordonder. Die kerk het nie die mag van groot getalle, óf baie geld; óf die mag van die wêreldpers nie. Ons het geen invloed meer nie.

“Broers en Susters, baie gelowiges wat hieroor nadink, ervaar soms ’n verlamme gevoel van magteloosheid. Maar dit is ongegrond. Die geloof leer ons en verseker ons dat Jesus Christus tans aan die regterhand van God sit en dat niemand anders die koers bepaal behalwe Hy nie. Hy laat sy wil geld ook op die skynbaar ontwigte wêreld. Niemand kan die Hemel bestorm, óf hom van God losruk nie, want Jesus Christus is in beheer.

“Ondanks al die woelinge in hierdie wêreld en duistere aanslae teen Jesus Christus se aardse kerk, bou en voltooi Jesus Christus steeds sy Kerk, waarin Hyself die Hoeksteen is en waarin nie een steen sal ontbreek nie. In hierdie proses is die geskiedenis van die wêreld die steierwerk.

“In vraag 51 van die Heidelbergse Kategismus is geskryf: ‘Watter nut bring dié heerlijkheid van ons Hoof Christus vir ons? Eerstelik, dat Hy deur sy Heilige Gees die hemelse gawes in ons, sy lede, uitgiet. Daarna, dat Hy ons met sy mag teen alle vyande beskut en bewaar.’

“Jesus Christus staan dus nie op ’n afstand, weg van sy Kerk nie. Trouens, Hy het voor sy Hemelvaart gesê: ‘Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur; en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel’. (Joh 16:7,8)

“Die Heilige Gees is die eerste en aller grootste gawe van God, wat kom woning maak het in elke gelowige se hart. In en deur die Heilige Gees ontvang

ons al die gawes wat in ons tydelike en geestelike nood voorsien.

“Broers en Susters, as ons vanmôre oor die gawes nadink, dan besef ons dat ons in die rykste en mees onuitputlike goudmyn verkeer. Om hierdie gawes te tel, is om die druppels in die see te probeer tel. In hierdie dorre jammersdal is Jesus Christus vir ons die fontein van lewende water. In die brandende woestyn is Hy die koel skaduwee van die rots. In die donker nag is Hy die lig wat die duisternis verdryf.

“Broers en Susters, ken u die gawes van u Borg en Middelaar? Dit is die gawes van wedergeboorte, bekering, geloof, vrede, vreugde, lydsaamheid en volharding. Dit is almal onverdiende gawes wat Jesus Christus gee aan elkeen volgens sy behoeftes, op die regte tyd. Jesus gee nooit meer as wat nodig is nie, sodat ons elke dag sal besef hoe afhanklik ons van Jesus Christus en sy gawes is.

“Jesus Christus, as Hoof van sy Kerk, beskut en bewaar ons. Al lyk dit asof die vyand soms die kerk in die stof vertrap en Satan spottend vra: Waar is julle God? Maar hierdie onrus van die vlees maak plek vir die rus van die gees by die gelowige aanvaarding van die waarheid: ‘Van nou af sal u die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God’. (Matt 26:64) Juis dit is die bewys dat Jesus Christus al sy vyande oorwin het.

“Broers en Susters, ons mag nie paniekerig word as ons Koning nie regeer volgens ons eie begrip en sin nie. Al skyn die wêreld geskiedenis dikwels ’n ontkenning te wees van die Koningskap van Jesus Christus, hou Hy sy Kerk in sy hand.

“Toe Jesus die woorde van Matt 26:64 uitgespreek het, was Hy self in ’n donker dal van doodskaduwee. Tog is sy profetiese woorde waar bewys. Netso seker is die Kerk van sy beloftes, bystand en bewaring. En ons moet voortgaan om die proklamasie van die Evangelie vas te spyker aan die deure van die wêreld. Dit is dat Jesus Christus die Koning is, wat die troon bestyg het; en dat Hy die Hoof en Bewaarder is van sy Kerk tot in ewigheid.

“Gelukkig is die kerk wat Jesus Christus se gawes en die groot verwagting van haar Hoof en Here se bewaring koester. Dié Kerk hoef nooit in onsekerheid rond te tas nie.

“Broers en Susters, u en ek is deel van daardie Kerk, aan wie die Heilige Gees met Pinkster geskenk is en deur wie ons alle gawes van Jesus Christus ontvang. Al

is die vyande nog daar, die duiwel, die wêreld, ons eie vlees, word ons beskut en bewaar deur die teenwoordigheid van dieselfde Gees van Jesus Christus. As ons in ons nood ervaar dat ons nie alleen is nie, dan hef ons, ons hoof op na bo waar ons Hoof en Middelaar aan die regterhand van die Vader sit. Dan prys en loof en dank ons Hom vir die heerlike versekering dat niks ons uit sy hand kan ruk nie. Hy is die Herder van sy skape. As die wolwe die kudde bestorm, vlug Hy nie soos die huurling nie. Nee, Hy gee sy kudde nie prys nie. Hy is die goeie Herder wat sy lewe aflê vir sy skape. Aan Hom kom toe die lof en aanbidding tot in ewigheid.

“Amen.”

Kommentaar:

Die Drie-enige God (God, Jesus Christus en die Heilige Gees) bepaal die geskiedenis. Dit is duidelik uit profesie oor die Antichris in Openbaring en elders in die Bybel, wat tans deur die *New Age* Beweging vervul word. 'n Voorbeeld is Openbaring 13 verse 16 tot 18:

“En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word; sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het. Hier kom die wysheid te pas. Wie die verstand het, laat hom die getal van die dier bereken, want dit is die getal van 'n mens; en sy getal is seshonderd-ses-en-sestig.”

Hierdie profesie gaan tans in vervulling. Lees die artikel *Ingeplante microchips is hier* op hierdie webwerf. Dit is deel van die *New Age* plan om 'n wêreldregering onder beheer van die Antichris, *Maitreya the Christ*, te bring.

Alhoewel die *New Age* Beweging primêr teen God en Jesus Christus gerig is, is hulle besig om die profesie in die Bybel te vervul.

God en Jesus Christus bepaal die verloop van die geskiedenis. Niemand kan dit kan omseil nie, ook nie die Antichris nie.

In Jesaja 55 verse 9 tot 11 is geskryf:

“Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes. Want soos die reën en die sneeu van die hemel neerdaal en daarheen nie terugkeer nie, maar die aarde deurvogtig en maak dat dit voortbring en uitspruit en saad gee aan die saaiër en brood aan die eter; so sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur.”

In Jesaja 45 verse 21 tot 24:

“Verkondig en bring voor, ja, laat hulle saam raad hou: Wie het dit van ouds af laat hoor, lank tevore dit verkondig? Is dit nie Ek, die HERE, nie? En buiten My is daar geen ander God nie; ’n regverdige en reddende God is daar buiten My nie. Wend julle tot My en laat julle red, alle eindes van die aarde! Want Ek is God, en daar is geen ander nie. Ek sweer by Myself; geregtigheid gaan uit my mond, ’n woord wat nie herroep word nie: dat voor My elke knie sal neerbuig, by My elke tong sal sweer. Hulle sal van My sê: Alleen in die HERE is volle geregtigheid en sterkte; na Hom sal hulle kom; maar hulle almal sal beskaamd staan wat op Hom toornig is.”

In Openbaring 22 verse 12 tot 16 is geskryf:

“En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees. Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste. Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad. Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienswaarders en elkeen wat leuens liefhet en doen. Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester.”

Jesus Christus is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste.

Jesus Christus is in beheer.